Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, March 12, 2023

Page: 16



Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Maak seker met jou testament

## Beplan jou boedel, kry kundiges se raad

Ons reg om ons goed te bemaak soos ons wil, is onder druk.

Dit lyk asof ons howe besig is om met die een uitspraak na die ander een van ons grootste regsvryhede oor die jare heen, die reg om jou goed te bemaak soos jy wil, te smoor.

Dit is my siening. Gevestigde reg en bestaande regspraak word ter syde gestel in die konstitusionele era. In belang van wat ek beskou as die hof se vertolking van "regverdigheid" of "billikheid" teenoor ander, maar ten koste van sowel bestaande wetgewing oor erfopvolging as testeervryheid.

Dit kan 'n probleem skep. Jy wil tog sekerheid hê dat daar ná jou dood beskerming sal wees vir jou reg op 'n keuse oor hoe en aan wie jy jou goed wil nalaat.

Ek wil nie hier regsargumente ophaal nie. Ek wil ook nie 'n hof se gesag bevraagteken nie. Ek wil bloot wys op enkele hofuitsprake en die bedreiging wat dit kan inhou vir jou en my testeervryheid. En dan voorstelle aan die hand doen wat kan help om jou wil te laat geld wanneer jy nie meer daar is nie.

Laat ek begin deur erkenning te gee aan prof. Francois du Toit, hoof van die departement privaatreg aan die Universiteit van Kaapstad, en sy aanbieding "New Inroads into Freedom of Testation" by die 12de jaarlikse kongres van die Fidusiêre Instituut van Suider-Afrika (Fisa) einde verlede jaar in Sandton. Ek leen daaruit.

Kom ons begin met die Latynse regspreekwoord Voluntas testatoris servanda est – "die wense van die testateur moet eerbiedig word." Die vryheid om jou goed te bemaak soos jy wil, is een van die grondbeginsels in die Suid-Afrikaanse reg op testate erfopvolging en onlosmaaklik gekoppel aan die beginsel van menswaardigheid in art. 1 van die Grondwet. Dit is bevestig in die appèlhof (BoE Trust Limited NO en ander [2012]).

### Voorbeelde van regspraak

Vir diegene wat daarvan hou om hofsake te lees, hier is 'n paar wat ter sake is wat hierdie grondbeginsel bedreig. Van hulle het ek al in hierdie rubriek behandel en is beskikbaar vir naslaan by www.netwerk24.com/rapport/beleef.

Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) skep 'n reg op 'n eis om onderhoud deur die oorlewende gade in 'n huwelik, ongeag hoe haar man se testament lees.

In die saak Volks vs. Robinson (2005) het die hof beslis dat 'n oorlewende lewensmaat nie so 'n eis kan indien nie, want sy had die keuse om te trou of nie. Die sogenaamde keuse-argument. Die hof het gesteun op die beginsels om nie in te meng met die testateur se vryheid van keuse nie.

In die saak Bwanya vs. Meester (2022) het die hof egter beslis dat dit lewensmaats in permanente verhoudings moet insluit. Oor die meriete hiervan kan ek my nie uitlaat nie. Oor die potensiële gevolge kan 'n mens nagmerries kry.

Dit sommer net as agtergrond. Ek wil nie regsgeleerdes inlig nie. Ek wil lesers help om hul pad tussen die klippe te vind met hul testamentêre bemakings.

En dit begin, in die woorde van prof. Du Toit, by 'n verandering in die gedrag van testateurs.

Ek meen te veel mense neem nie hul testamente ernstig genoeg op nie. Te veel is maar net tevrede om te hol vir "gratis" testamente. Ek waarsku gereeld hierteen.

Laat ek maar weer vir appèlregter Leach in die saak Raubenheimer vs. Raubenheimer aanhaal. "Dit is 'n nimmereindige bron van verbasing dat so baie mense op onopgeleide adviseurs staatmaak wanneer hulle testamente opstel, waarskynlik een van die belangrikste dokumente wat hulle ooit sal onderteken."

Kry kundige hulp. En hiermee bedoel ek nie soek bloot iemand met 'n regsgraad om die testament vir jou op te stel nie. Daardie "standaardtestamente" is 'n onding.

Jy is nie standaard nie. Jy is uniek. Jou naasbestaandes is nie standaard nie. Jou bates is nie standaard nie. Om 'n geldige testament te hê is alleen nie goed genoeg nie. Dit kan aan al die vereistes vir 'n geldige testament voldoen, maar steeds in gebreke bly om ten volle aan jou wense te voldoen.

### Waar begin jy?

Begin met 'n behoorlike boedelbeplanning. Kry raad van 'n kundige oor die bemaking van jou goed. Is daar regspraak of wetgewing, soos ek hierbo na verwys, wat jou doelwitte ongedaan kan maak?

'n Omvattende boedelplan sal gou wys of dit wat jy dink jy kan bemaak, werklik kan bemaak. Dit sal aan jou die gevolge van 'n bemaking uitwys.

Byvoorbeeld, as jy so of so bemaak, is daar genoeg oor om vir 'n langslewende gade of lewensmaat te sorg?

Skep jy nie 'n onnodige belastingplig met hoe jy bemaak nie?

Is daar genoeg kontant in die boedel oor om die boedel te kan afhandel?

Weet jy wat die gevolge is van 'n vruggebruik of ander beperkte reg, wat myns insiens te veel kere as eerste oplossing in testamente ingeskryf word, terwyl daar ander opsies is.

Gedagtig aan die verwering van jou reg op testeervryheid, is dit 'n goeie idee om dalk te soek na ander oplossings om bates te kry waar jy dit wil hê.

Soos om in lewe reeds bates oor te dra.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.